



KAMP NAKUPHI 2019



Inpaklys en Kampreëls

Welkom by die 20ste Kamp Nakuphi en dankie dat jy besluit het om jou skoolvakansie saam met ons by Da Gama Dam te spandeer. Ons sien uit daarna om 'n onvergeetlike feeskamp saam met jou te hê!

Lees asseblief hierdie inligtingstuk noukeurig deur en deel dit ook met jou ouers.

Kampdatums en registrasie

Registrasie vind plaas op Saterdag, 21 September 2019 vanaf 12:00. Die kamp begin offisiëel om 15:30 en ons sal dit waardeer as jou tent klaar opgeslaan is voordat die program begin.

Verkenneers vertrek weer saam vanaf die kampterrein op Saterdag, 28 September 2019 om 11:00. Niemand mag die kamp verlaat voor 11:00 nie aangesien ons almal eers help om die kamp op te pak.

Offisierereünie

Nadat die kamp amptelik op Saterdag, 28 September 2019 afgesluit het, vind die Offisierereünie plaas ter feesviering van Kamp Nakuphi se 20ste verjaarsdag. Hierdie geleentheid is slegs vir volwassenes en enige Verkenner wat na die amptelike afsluiting nog op die terrein gaan wees moet die Kampleier daarvan in kennis stel. Die Offisierereünie sluit om 11:00 op Sondag, 29 September 2019 af.

Noodnommers tydens die kamp

Vir enige noodgeval of dringende boodskap is die volgende nommers 24-uur per dag beskikbaar:

Jaco van der Walt	Kampleier	072 312 7722
Susan Conradie	Kampsekretaresse	082 563 1207

Busvervoer

Die bus vertrek vanaf Hoërskool Waterkloof se parkeerterrein op Saterdag, 21 September 2019 om 07:00. Die bus sal met die kamp se naam gemerk wees - maak asseblief seker dat jy aanmeld by die Kamp Nakuphi offisier wat jou naam sal afmerk.

Die bus sal halfpad stop vir 'n kort breek. Daar sal geleentheid wees om 'n koeldrank te koop, maar in belang van reistyd mag geen wegneemetes aangekoop word nie. Dit is dus 'n goeie idee om peuselgoed saam te bring. Middagete sal met aankoms op die kamp gegee word.

Die bus sal weer ~17:00 op Saterdag, 28 September 2019 terug wees by Hoërskool Waterkloof se parkeerterrein. Ouers sal per SMS op hoogte gehou word van die verwagte aankomstyd.



Kampbenodighede

- Bordesak** met onbreekbare bord, papbakkie, beker, eetgerei en vadoek. Papierborde werk baie lekker en word aanbeveel!
- Flits** of kopligh met spaar batterye. Daar is geen krag op die kamp nie!
- Eie **tent**, grondseil, slaapsak, matrassie en kussing.
- Lewensgordel**/Lewensreddingsbaadjie
- Volledige **aktiewe Voortrekkerdrag** met erkenningsbaadjie. (Donkerblou denimbreek met 'n blou, wit of rooi Voortrekker Gholfhemp en tekkies)
- Genoeg ou **klere** vir die kamp
- Swemklere**. Dogters: volledige eenstuk swemklere
- Warm klere** (trui, sweetpak, baadjie). Dit word koel in die aande!
- Reënjas**
- Gemaklike **toe skoene** waarmee jy kan stap
- Skoene wat kan nat word/in water kan beweeg. (Niemand gaan iets sê as jy Crocs dra nie)
- Bybel**
- Toiletware**
- Sonbrandroom** en sonbril
- Waterbottel**
- Enige spesiale **medisyne** met duidelike gebruiksaanwysings
- Pen, potlood en notaboek

Oewervernuf:

- Leë 2l Gaskoeldrankbottel
- A5 of A4 groote sketsboek en knipbord *of* hardeband sketsboek
- Inkleurpotlode
- Klein dagsak
- Vir skuilingbou: grondseil/verfseil, 5m katoentou (of ander geskikte materiaal)
- Opsioneel: voëlboek en vêrkyker

Varswaterkunde:

- Opvoubare visstok en klein visvangtrommeltjie (vislyn, hoekies, sinkerkies, dobbertjies ens.)

Snoepie

Daar is nie 'n snoepie op Kamp Nakuphi nie.

Kampreëls

Niemand mag die kampterrein verlaat sonder die Kampleier se toestemming nie. Geen radio's, musiekspelers, luidsprekers of elektroniese speletjies word toegelaat nie.

Verkenner wat van busvervoer gebruik maak word versoek om bedagsaam te pak en om onnodige toerusting by die huis te los. Jou kampstoel is die eerste item wat ons langs die pad afgooi!

Die eerste ete wat die kombuis voorsien is middagete op Saterdag, 21 September 2019. Persone wat vroeër op die kamp aankom moet die Kampleier vooraf in kennis stel.

Geen bederfbare kos mag saamgebring word vir gebruik na Saterdagoggend wanneer die kampkombuis amptelik oopmaak nie.

Geen Verkenner mag klappers, vuurwerke, vuurhoutjies of aanstekers in sy/haar besit hê nie. Ons kamp in 'n bosbou area wat baie vatbaar is vir veldbrande!

Geen Verkenner mag gewoontevormende middels (sigarette, vape, drank, dwelms, hubbly-bubbly's ens.) in sy/haar besit hê of tydens die kamp gebruik nie. Indien sulke items aan 'n Verkenner gevind word, sal die Verkenner en sy verbode middels huis toe gestuur word.

Die gebruik van selfone tydens die kamp is op die Verkenner se eie risiko. Kamp Nakuphi sal geen verantwoordelikheid neem indien jou selfoon wegraak of as jy met jou selfoon in die dam spring nie.

Verkenner moet swemklere saambring wat die nodige beskerming teen die son bied. Almal gaan heeldag bedrywig wees in en om die water en die kans vir ernstige sonbrand is 'n realiteit. Geen bikinis of hemde sonder moue mag gedra word nie!

Daar is geen krag op die terrein nie en kragopwekkers word volgens 'n skedule aangeskakel om noodsaaklike toerusting beskikbaar te stel. Dus is daar geen kapasiteit of fasiliteite om jou selfoon of kamera te herlaai nie.

Alle persone wat Kamp Nakuphi bywoon onderwerp hulself aan die gesag, gedragkode en reëls van bestuursliggame van Die Voortrekkers en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se Reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree en ratifiseer enige sodanige wettige optrede.

